**SATERDAG 14 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: SPREUKE 31:10-31**
**FOKUSGEDEELTE: SPREUKE 31:30 (OAV & NAV)**

## Die deugsame vrou – As sy die Here dien ... dán verdien ’n vrou om geprys te word

Vir die vroue wil ek vra: Hoe het jy gevoel toe jy hierdie gedeelte deurlees? Was jy dalk oorweldig deur alles wat sy doen? Het jy dalk skuldig gevoel of moedeloos oor jy dalk ver tekortskiet?

En die mans? Laat hierdie gedeelte jou voel jy wil God prys vir die vrou wat Hy jou gegee het, of sien jy die gedeelte as ’n maatstaf waaraan jou vrou glad nie voldoen nie? Hoe het jy jou vrou ondersteun om ’n deugsame vrou te word? Het jy vir haar gebid of het jy haar slegs gekritiseer?

Vrou, as hierdie gedeelte jou terneergedruk laat voel, dan het ek goeie nuus vir jou. Die vrou wat hier geskilder word, is die voorbeeld van *die ideale vrou*. Sy is nie die maatstaf waaraan alle vroue gemeet moet word nie, maar die doelwit waarheen alle vroue moet streef.

Nou mag jy dalk vra: Hoe sal ek dit ooit regkry? Weet jy God kan jou verander? Hy kan jou nuut maak! Daarom is die belangrikste van al haar mooi eienskappe die feit dat sy die Here dien (vs 30). Geen vrou sal ooit verander en word soos die vrou van Spreuke 31 as sy nie die Here dien nie, want dit is alleen Hý wat mense verander. Romeine 12:2 sê: “Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.”

Die belangrikste manier hoe God jou verander, is deur sy Woord en Gees. Deur sy Woord en Gees maak God jou al hoe meer soos die vrou wat Hy wil hê jy moet wees. Wat moet ek dus prakties gaan doen? Ek moet mooi gaan kyk na my dagboek. Maak tyd vir persoonlike Bybelstudie. Maak tyd vir stil-wees saam met die Here.

Die bekende evangelis DL Moody het gesê: “Die enigste manier om ’n gebarste kruik vol te hou, is om die kraan oopgedraai te hou.”

*Sing: Psalm 128:1-3 (1936)*

*Teologiese Student Marcel Floor*